

Kolonialistiese name van lande in Afrika voor en na uhuru

Colonial names of countries in Africa before and after uhuru

JOHAN MOLL

Eenheid vir Taalbestuur, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
molljc.HUM@ufs.ac.za



Johan Moll

JOHAN MOLL was verbonde aan die Departement Geskiedenis, Universiteit Vrystaat, is 'n voormalige dekaan van die Fakultet Geesteswetenskappe en is tans kontraknavorser by die Eenheid vir Taalbestuur aan dieselfde universiteit. Hy was intensief betrokke by kultuuraangeleenthede op die kampus, is die skrywer van twee omvattende kultuurverslae en was redakteur van *Acta Academica*, die Universiteit se geakkrediteerde tydskrif vir die menswetenskappe. Hy het opgetree as buite-evalueerder, eksterne moderator en keurkomiteelid vir verskeie universiteite, was raadslid vir die Nasionale Museum en die Oorlogmuseum en is die outeur van verskeie boeke en talle wetenskaplike artikels. Binne die SA Akademie was hy voorsitter van die Geskiedeniskomitee, redaksielid van die TGW en hoofredakteur van die Akademie se driekwarteeufees huldealbum. Hy is tans lid van die Internasionale Kunstetrust en raadslid van die Vrystaat Simfonieorkeste.

JOHAN MOLL was formerly attached to the History Department of the University of the Free State; he was also dean of the Faculty of Humanities and presently he is a contract researcher at the Unity for Language Management at the same university. Apart from having been intensively involved in cultural issues on the campus, he is the author of two extensive cultural reports and a former Editor-in-Chief of *Acta Academica*, the University's accredited journal for the Humanities. He acted as external scrutiniser and moderator in his capacity as member of the panel of assessors of various universities; in addition, he was a member of the council of both the National and the War Museum and he is the author of various books and numerous scientific articles. At the South African Academy of Science and Arts he served as Chair of the History Committee, he was a member of the Editorial Board of the Journal for the Humanities and Editor-in-Chief of the Academy's festive publication in honour of its 75 years existence. Currently he is a member of the International Arts Trust and also a council member of the Symphony Orchestra of the Free State Province.

ABSTRACT

Colonial names of countries in Africa before and after uhuru

This article investigates the most important general motives for name changing with toponymical changes being viewed as an ideological act by those invested with power to change a specific status quo in order to assert authority, legitimacy and self-esteem. Various concepts are touched upon: colonialism, imperialism, exploitation, anti-colonialism, decolonization and uhuru, the African word for freedom. During the period of decolonization this call for the shaking off of colonial oppression through the achievement of national independence echoed throughout the Continent.

After decolonization and as black governments progressed, more patriotic symbols and ceremonies made their appearance to establish the importance of African heroism and noble deeds. After decolonization words like liberation and democracy, transformation, racism, divisive past became prevalent. The feeling among blacks was one of “centuries of wrong” during which the voice of Africans was silenced and trampled upon while they were treated as nothing more than colonized peoples. The central issue became the repressive colonial heritage and its detrimental effects on African identities. Africa had to be freed from the odour of its colonial past and what better place to start than reclaiming the African names of countries? The traces of colonialism had to be removed and the suppressed Africans healed by rethinking and repossessing the names of their countries.

One of the questions that presents itself is the destabilizing effect of the European “scramble for Africa” when the Continent was carved up into political territories during the Berlin Conference in 1884-5. Britain and France acquired the largest possessions, but Germany, Italy, Spain, Portugal and Belgium all took possession of regions in Africa. What becomes clear is that colonialism had a destabilizing influence on many ethnic groups. All this led to the disturbance of the local balances of power and ethnic separations where previously they did not exist and it also resulted in fierce enmity between African ethnic groups such as Ruanda, for example.

An important strand is the call for uhuru and the development of an ethos of Afro-centrism which was reflected in the riddance of the so-called “colonial hangovers” and the changing of the names of places, towns and cities, leaders and events in truly national terms. More than hundred decolonized states made their appearance worldwide after 1945 when Western actions and views on the history and culture of subservient peoples were seriously questioned. Black states wished to redeem their self-respect through reinstating the original names given by the inhabitants to African areas and countries. The manifold colonial name changes of geographical areas and countries are discussed such as the present Democratic Republic of the Congo, the name of which was changed no fewer than nine times, and the Kingdom of Benin, which changed names five times. It appears that personal craving for power, ethnic conflict and political faction differences became the driving force for manifold name changes.

A full list is given of the countries of which the names were changed after colonial occupation, the year of their independence as well as their present name. In conclusion, the nature and origin of the twenty six African land names re-instituted after Uhuru are discussed in terms of the topography of the particular area especially the presence of water: Zambia (the Zambesi river), Chad (lake “Tsade”), Malawi (lake “Malawi”), Togo (from the Ewe name for water “to” and beach “go”); references to kings and kingdoms (Ethiopia from “Ityopp”, the founder of the city of Actum), Mali (from an antique Islamic kingdom), Mozambique (from the name of a sultan Musa Ben Mbiki); ethnicity (Equatorial Guinea from the Berber word “gnawa” for black man), Mauritania (from the Spanish word for Moor), Guinea Bissau (from the Berber equivalent for country of the blacks, “Akal-n-iguinawen”), Botswana (after the country’s inhabitants, the Tswana).

KEY CONCEPTS: Motives for changing place names, colonialist names for countries, colonialism, “scramble for Africa”, imperialism, racism, exploitation, uhuru, Africanisation, anti-colonialism, decolonization, African land names, national independence, liberation, transformation, African centrism

TREFWOORDE: Motiewe vir pleknaamverandering, koloniale landname, kolonialisme, “scramble for Africa”, imperialisme, rassisme, uitbuiting, uhuru, Afrikaniisering, anti-kolonialisme, dekolonisasie, Afrika-landname, nasionale onafhanklikheid, bevryding, transformasie, Afrika-sentrisme

OPSOMMING

Die belangrikste algemene motiewe vir naamsverandering word bespreek met tiponimiese veranderinge gesien en geanaliseer as 'n ideologiese daad deur diegene met mag beklee en in staat om 'n bepaalde status quo te wysig ten einde gesag, wettigheid en selfrespek te bevestig. Die kwessies wat aangeraak word is: die uitwerking van die “wedloop om Afrika” op die Kontinent; die oproep om uhuru en die aard van Afrikanisering en die daaruit voortvloeiende wegdoen met koloniale landname; en ten slotte die aard en oorsprong van die Afrika landname wat na uhuru weer in ere herstel is.

INLEIDING

Tiponimiese veranderinge kan gesien word as 'n ideologiese daad deur die kolonialiseerders wat met gesag beklee is om 'n bepaalde *status quo* te verander en gesag en wettigheid te bekom en te bevestig. Op die kontinent van Afrika sou uhuru en Afrikanisering lei tot 'n loswoel uit die kolonialistiese juk deur die landname wat deur die kolonialiseerders aan die gebiede deur hulle ingepalm, gegee is, te verwerp, inheems aanvaarbare name in die plek daarvan te stel en gesag te bekom en veral selfrespek terug te wen. Die kwessies wat ter sprake kom, is: die uitwerking van die Europese “wedloop om Afrika” op die Kontinent se landname; “uhuru” en Afrikanisering se reaksie daarop en die daarmee gepaardgaande verwerping van koloniale landname; en ten slotte die aard en oorsprong van die Afrika landname wat na uhuru weer in ere herstel is.

Verskeie begrippe kom ter sprake. *Kolonialisme* word dikwels gelykgestel aan *imperialisme*, wat dui op die beleid om politieke beheer oor 'n ander land te verkry meestal deur onderwerping en geweld, dit deur setlaars te laat beset en dit ekonomies uit te buit (Pearsall 1998:31). *Koloniseer* dui op die praktiese uitvoering daarvan en die verowering en kolonisasie van gebiede en hulle bewoners is so oud as die bestaan van gemeenskappe self. In die laat negentiende eeu het die term egter 'n meer spesifieke betekenis verwerf toe koloniste dit begin sien het as die uitbreiding van die Europese “beskawing” oor “minderwaardige” volkere uit “agterlike” gemeenskappe. In toenemende mate het ras en kulturele ongelykheid tussen heersers en verowerdes, politieke en wetsoorheersing deur die imperiale mag en die daarmee gepaardgaande uitbuiting van die onderworpenes, tipiese aspekte van kolonialisme geword (Colonialism 2008:1). Die woord *eksploitasie* of *uitbuiting* word dikwels in verband met veral die Europese lande se optrede teenoor Afrika gehoor en dra die betekenis van die uitbuiting van kolonies op 'n onbillike en onregverdigde wyse. *Anti-kolonialisme* het sy verskyning gemaak vanweë die oortuiging dat volkere die reg het om hulself te regeer, 'n beginsel wat na die Tweede Wêreldoorlog rewolusionêre gevolge sou hê en veral deur die Amerikaners, self afstammelingen van koloniste wat teen Brittanje in opstand gekom het, voorgestaan is. Anti-kolonialisme is ook ywerig deur Rusland gepredik, wat die verwarring na die Oorlog deeglik uitgebuit het om die saak van “anti-imperialisme” en “anti-kapitalisme” te bevorder (Dunan & Roberts 1964:394). *Dekolonisasie* dui daarop dat 'n koloniale moondheid uit 'n gebied padgee, so 'n gebied weer onafhanklikheid verkry en dat by implikasie eksploitasie tot 'n einde kom (Pearsall 1998:479). Uiteindelik het eksploitasie egter 'n veel wyer betekenis gekry deurdat dit van toepassing gemaak is op die wêreldwye beweging om uitbuiting en oorheersing deur wittes oor mense van 'n ander kleur te bevraagteken en te probeer beëindig (Dunner 1986:269).

Die woord en begrip *uhuru*, die Afrika-woord vir “vryheid” en in die jare van de-kolonisasie veral die wewoep vir die afwerping van koloniale onderdrukking deur die verkryging van nasionale onafhanklikheid, het tydens die era van onafhanklikheidswording dwarsoor die Kontinent weerklink (Cooper 1989:183; cf. Meiring 1994:77). Blykbaar kom hierdie woord van die Arabies

“hurruyyah” (“vryheid”), is in die Swahili-taal as “uhuru” oorgeneem en in die sestigerjare deur Afrika sosialistiese bewegings as wekroep aangegryp (Balashon 2007:2). *Afrikanisme* dui op die oortuiging dat swart Afrikane en hulle kultuur in Afrika moet oorheers, terwyl *Afrikanisering* in die algemeen gesien word as ’n hernieude fokus op Afrika (ook wat naamgewing betref) en deel vorm van die postkoloniale, anti-rassistiese diskoers met, as belangrike oogmerk, herstrukturering om wit werkers met swart werkers te vervang (Pearsall 1998:30).

Dis moet in gedagte gehou word dat die vertaling van landname en bevolkingsgroepe in Afrikaans nie onproblematies is nie. Daarbenewens bepaal die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (2002:78) dat die name van die amptelike Suid-Afrikaanse tale, anders as wat hierdie tale self vereis, soos volg geskryf word: Ndebele (dus nie isiNdebele) nie, Tswana (dus nie Setswana) nie. Die bewoners van talle Afrika-lande gebruik dikwels ’n verkorte naam vir hulle land (en selfs in amptelike lyste duik verskille op oor wat presies hierdie benaminge is) wat wesenlik kan verskil van die volle lokale naam. Die bloot Afrikaanse benaminge vir sommige lande kan soms gewoon nie met die lokale naam of name verbind word nie en kan tot verwarring lei oor watter land presies ter sprake is, soos die volgende voorbeelde aandui:

VERKORTE EN (VOLLE AFRIKAANSE NAAM)	VERKORTE LOKALE NAAM	VOLLE LOKALE NAAM
Algerië (Demokratiese Volksrepubliek van	(al-Jazā’ir)	(al-Jumhūrīyât al-Jazā’irīyât ad-Dīmuqrātīyâ aš-Ša‘bīyâ)
Egipte (Arabiese Republiek van	(Misr) ²	(Gumhūrīyât Misr al ‘Arabīyâ)
Marokko (Koninkryk van	(al-Maġhrib) ³	(al-Mamlakâ al-Maġribīyâ)

MOTIEWE VIR NAAMVERANDERING

Naamgewing kom uit die vroegste tye en het veral met mag, gesag en oorheersing te make. In ’n ondemokratiese bestel, veral waar gebiede beset en verower word, is dit die veroweraar wat seggenskap het oor die name van ’n land of streek en alles wat daarmee gepaardgaan. Wanneer lande of gebiede se name toegeken of verander word, is dit ’n bewys dat die naamgewers in ’n magsposisie is en beheer uitoefen oor die bepaalde geografiese entiteit. Vind bevryding plaas en kry ’n demokratiese opset gestalte, moet name weer die wil en wense van die oorheersende groep weerspieël. Nuwe name of vroeëre name wat weer in ere herstel word, help dan om die kollektiewe waardes onderliggend aan ’n gemeenskap te definieer en die nuwe bewind se magstruktuur te legitimeer (Gill 2005:180). Afgesien van ’n faktor soos die etos van Afrosentrisme is van die alternatiewe stimuli vir naamsveranderinge politieke doelmatigheid en wenslikheid: “Lurking behind the thin veil of historical evidence is the more obvious driving stimulus ... namely the core of politics or power politics” (Labuschagne 2006:49).

Die naam wat aan ’n land, sy geografiese kenmerke en menslike skeppings gegee word, kan sterk emosies, driftige gevoelens, tweespalt en opruiende patriotisme by individue en groepe tot

¹ Letterlik “die eilande” met verwysing na die vier eilande naby die kus wat in 1525 deel van die hoofland geword het.

² Van ’n Semitiese woord met die betekenis van “stad” of “om te begin of te stig”.

³ Arabies vir “die verste Wes”.

gevolg hê (Berg & Kearns 1996:103-4). Met die afwerping van kolonialisme in Afrika, het nuwe kultureel aanvaarbare landsname die versekering aan die vroeëre verdruktes wat die meerderheid van die bevolking uitgemaak het, gegee dat hulle vryheid waarlik gestalte verkry het, hulle leefwêreld verander en meer aanvaarbaar geword het en dat die afwerping van hulle knegskap sigbare resultate opgelewer het. So maak 'n nuwe politieke en taallandskap sy verskyning waar almal kan deelneem aan die bepaling van die naam van hulle land en sy geografiese kenmerke, stede, lughawens, openbare geboue, ens. So is daar in Afrika dramaties gebreek met koloniale oorheersing, die kolonialistiese geskiedenis is oorboord gegooi en die ont-kolonialiseerdes wou die manifestasie sien dat die oue, die onderdrukkende, die voorheen onaantwoordbare name plek gemaak het vir 'n nuwe orde en bestel, veral in die naamgewing van die land wat hulle bewoon (Mamaila 2002:1).

Die koloniseerders in Afrika het hulself bevoorreg in hulle optrede en houding teenoor die inheemse groepe en kulture. Oral is Europese name en kultuurkenmerke die land ingedra en afdedwing. Die proses van Europese naamgewing aan gekoloniseerde gebiede was deel van 'n groter proses "of europeanising the landscape" en die in besit neem van gebiede (Berg & Kearns 1996:108). Ten grondslag van die naamdebat lê die kwessie van grondbesit met naamverandering as simboliese restitusie van eienaarskap soos dit in die verlede was. "Often arguments are made as if restitution were a brand-new idea, born from brave resistance to Western neo-colonialism, whereas it is as old as, if not the mountains, at least the desert" (Pienaar 2002:1).

Na dekolonisasie en namate swart regerings se bewinde gevorder het, het meer patriotiese simbole en seremonies verskyn om die belangrikheid, heldemoed en edel dade van die swart bewinde en hulle volgelingen te vier en te beklemtoon. "Names are part of both a symbolic and a material order that provide normality and legitimacy to those who dominate the politics of (place) representation" (Berg & Kearns 1996:99). Terselfdertyd is die "kleinlikheid" van diegene wat dit betwyfel, uitgewys en beklemtoon (Edelman 1985:17). Met nuwe naamgewing is byvoorbeeld in Suid-Afrika uit ANC geleedere prontuit verklaar: "it is right to adopt an indigenous name, it shows a will to pack away the cultural arrogance of the past, even if we cannot all learn each other's languages and customs" (*The Star* 1994:12).

Uit die name van lande in Afrika kan veel geles word van die opeenvolgende bewinde, die talle staatsgrepe en van die heersende ideologieë (Jenkins 1996: 12). Na dekolonisasie was sekere woorde en frases aan die orde van die dag: bevryding en demokrasie, transformasie, historiese ongelykhede, breuk met die verlede, koloniale oorblyfsels, inheems, rassisme, verdelende verlede. Die gevoel onder swartes was een van "eeue van distorsie" waartydens die stem van Afrikane stil gemaak en vertrap is en hulle niks meer as gekoloniseerde volkere geword het nie (Walker 2004:2). Dit het gegaan oor die onderdrukkende koloniale erfenis en die nadelige gevolge daarvan en die vorming van Afrika-identiteite. Afrika moes bevry word van die reuk van sy kolonialistiese verlede en waar was 'n beter en belangriker beginpunt as die naam van die land? (Davis 1993:12). Die spore van kolonialisme moes verwyder word en onderdrukte Afrikane moes "gesond" gemaak word deur betrokke landname nuut te bedink (Naidoo 1999:13-14).

DIE "WEDLOOP OM AFRIKA"

Omstreeks die helfte van die 19de eeu was Europese ontdekkingsreisigers veral geïnteresseerd om die hart van die Kontinent oop te stel. Alhoewel die motiewe vir kolonisasie van moondheid tot moondheid verskil het (Keylor 1992:5-10), was daar meestal wisselende elemente van "gospel, glory and gold" motiewe (Africa 2007:5). Die sentrale gebiede in Afrika was nog grootliks onbekend totdat ontdekkingreisigers soos David Livingstone, John Speke en Richard Burton se

ekspedisies tussen 1852 en 1873 die Tanganjikameer en Victoriameer, soos hulle dit genoem het, onder die aandag van Europeërs gebring het. Al hierdie plekke wat nou vir die eerste keer Europese name gekry het, het lank reeds inheemse name gehad. Teen die einde van die 19de eeu was Afrika goed ontdek en dit het die weg geopen vir dramatiese koloniale inbesitname met groot implikasies vir naamsverandering. Dit het 'n Europese wedloop geword om gebiede in Afrika in te palm en die grootste deel van die Kontinent is in onderhorige nasie-state omskep sodat slegs twee onafhanklike state oorgebly het, Liberië ('n onafhanklike staat gedeeltelik bevolk deur Afro-Amerikaners) en Ortodoks-Christelike Ethiopië, in daardie stadium onder Europeërs bekend as Abessinië.

In hierdie sogenaamde “wedloop om Afrika” is Afrika deur die Europese moondhede opgekerf in politieke gebiede by die Berlynse Konferensie van 1884-5. Brittanje en Frankryk het die grootste besittings gehad, maar Duitsland, Italië, Spanje, Portugal en België het almal dele van Afrika in besit geneem (Decolonization in Africa 2008:1). Die vroeë koloniale regerings in Afrika was in hoofsaak swak regerings, omdat die Europese magte wat hulle beheer het, nie voldoende geïnteresseerd was in hulle nuwe besittings om vir sterker regerings voorsiening te maak nie (Fage & Oliver 1985:7).

Baie skrywers het oortuigde beskouings oor die historiese belangrikheid van die proses van kolonisasie, óf as 'n uiteindelijke voordelige uitbreiding van die waardes van die Wes-Europese beskawing, óf as 'n ondraaglike misbruik van vreemde mag (Hargreaves 1960: 97-109). Daar is berekenings dat die totale getal Afrikane wat as gevolg van die optrede van koloniale regerings gesterf het, miljoene beloop. Wat wel duidelik is, is dat kolonialisme 'n destabiliserende effek op 'n aantal etniese groepe gehad het, waarvan die tragiese nagevolge vandag nog te bespeur is. Voor Europa se oorname was nasionale grense in die Kontinent nie van groot belang nie en Afrikane het die praktyk gevolg van ander wêrelddele waar 'n etniese groep se gebied ooreengestem het met sy militêre of handelsinvloed. Europeërs was egter daarop ingestel om grense te trek om koloniale mag te bevestig, hulle strategie van verdeel en heers te bevestig en gebiede van mekaar te isoleer (Woodruff 2005:88). Die grootste oogmerke was wins en imperialisme. Dit het die uitwerking gehad dat andersins samehangende politieke groepe afgeskei is, of dat tradisionele vyande sonder enige buffer naas mekaar geplaas is. So byvoorbeeld is die Kongorivier deur die koloniale moondhede as 'n natuurlike geografiese buffer beskou, terwyl daar aan beide kante bevolkingsgroepe met dieselfde taal en kultuur was (Africa 2007:6). In die gebiede waar daar mettertyd beduidende Europese bevolkings was, soos in Suid-Afrika en Rhodesië (later Zimbabwe), het stelsels van tweedeklas bewoners hulle verskyning gemaak ten einde politieke mag vir die Europese besetters te verseker. Dit alles het daartoe gelei dat die lokale magsbalanse versteur en etniese skeidings bewerkstellig is waar dit vroeër nie bestaan het nie en nadelige kulturele afskeidings en vyandigheid onder die boorling bewoners veroorsaak is, soos in Ruanda onder die Hutu's en Tutsi's.

Afgesien van die onmiddellike negatiewe gevolge van kolonialisme, soos die verspreiding van kwaadaardige siektes, ongelyke sosiale verhoudings en slawerny, het Afrika langtermyn gevolge daarvan ervaar as gevolg van die verlies aan belangrike natuurlike hulpbronne soos goud en rubber, ekonomiese uitbuiting, kulturele verwardheid, geopolitieke verdeeldheid en natuurlik politieke onderworpenheid. Europeërs het hul optrede in Afrika dikwels regverdig met die teorie van die “White Man's Burden”, die sogenaamde verpligting om die volkere van Afrika te “beskaaf” (Decolonization in Africa 2008:1).

Die nasleep van dekolonisasie in Afrika was politieke onstabieleit, reuse skuldlaste en ekonomiese rampspoed. Politieke onstabieleit is veral veroorsaak deur die toepassing van Marxistiese en kapitalistiese idees sowel as voortslepende rasse ongelykhede. Swart nasionalistiese

groepe het burgeroorlog aangeblaas wat dikwels gelei het tot wreedaardige aanvalle teen wit setlaars ten einde wit minderheidsregerings te beëindig. Dispute oor die wyse waarop landsgrense tydens die periode van kolonisasie bepaal is, het ook geweld veroorsaak soos tussen Tsjad en Libië, Ethiopië en Eritrea, Ethiopië en Somalië en die Kameroen, dispute wat tot vandag voortduur (Decolonization in Africa 2008:2).

In baie gevalle is daar na besetting probeer om die kolonies te verwesters, ook in die gee of verandering van name van die gebiede. Geleidelik, soos in die geval van Britse imperialisme, is egter besef dat

non-Europeans after all were not potential English gentlemen who had unluckily been retarded, but races inherently different and apart. Victorian rulers had learned much more about the depths of reactions and racial fanaticisms which too much meddling could stir up.

(Robinson en Gallagher 1961:10)

Daar het wel tydens die verloop van kolonisasie die bewussyn deurgebreek dat verskillende kulture ontwrigtend op mekaar inwerk.

UHURU EN AFRIKANISERING

Die oorgang na meerderheidsregering in Afrika het in die meeste gevalle nie vreedsaam verloop nie. Dit wil inderdaad voorkom asof hoe meer turbulent die verloop van historiese gebeure is, hoe meer kom naamsveranderinge voor (Wilcocks 1986:312). Deur die periode van politieke oorgang, van die einde van koloniale regering deur die vroeë post-onafhanklike jare, het toponimiese veranderinge 'n permanente deel van die politieke landskap geword. 'n Belangrike gevolg van die politieke veranderinge na die vryheidstryd was die ontwikkeling van 'n etos van Afrosentrisme wat in die naamgewingsproses weerspieëling gevind het deur ontslae te raak van die sogenaamde "colonial hangovers" en die name van plekke, dorpe, leiers en gebeure met ware nasionale name te vervang. Dan Habedi, sekretaris-generaal van Azapo, beskou naamsveranderinge as 'n kernelement in die post-koloniale herstel in Afrika "to restore pride and dignity to indigenous people, whose history and culture were distorted, erased or undermined by colonists by renaming the territories they occupied" (Habedi 2003:10). Die strewe is om 'n nuwe Afrosentriese bewussyn vir die Kontinent te skep: "It is a future that says we are [...] African" (Tsedu 2002: 10). In naamgewing sal dit onder meer manifesteer deur voorrang aan die inheemse naam met die korrekte spelling, te verleen. Ten diepste bly toponimiese veranderinge 'n kwessie van mag omdat diegene wat in 'n magsposisie is, hulle invloed bevestig deur die verandering van die status quo (Vgl Cooper 1989:183-184).

Tunisië was een van die eerste lande in Afrika wat onafhanklikheid verkry het (1956) onder Habib Bourguiba, stigter van die Republiek van Tunisië. Kenmerkend van baie van die state na onafhanklikheidswording was korrupsie, geweld, onstabiliteit en outoritêre gesag (Africa 2007:6). Die mees populêre regeringsvorm wat aanvaar is, was die republiek wat in talle van die amptelike name van die gebiede voorkom (vgl die tabel). Dié begrip word deesdae wyd geïnterpreteer en wissel van liberale demokrasie tot veral persoonlike diktatorskappe wat kenmerkend van baie Afrika-state geword het. Die geskiedenis sou toon dat die insluit van die woord "demokrasie" of gelyknamige terme in die amptelike naam van die onafhanklike Afrika-state geensins as 'n waarborg sou dien dat demokrasie in die praktyk materialiseer nie (Kirchherr 1987:116). Voorbeelde van die inkorporering van demokratiese woorde in Afrika-landname is: "Volksrepubliek van die Kongo"; "Sosialistiese Liberiese Arabiese Volksepubliek", "Die Demokratiese

en Populêre Republiek van Algerië”; “Demokratiese Republiek van São Tomé en Príncipe” (São Tomé); “Federale en Islamitiese Republiek van die Comoros”; “Federale Demokratiese Republiek van Ethiopië”.

Alhoewel die koloniale regerings dikwels van inheemse name gebruik gemaak het, is die oorspronklike etniese naam in die meeste gevalle waarskynlik as gevolg van ’n koloniale mentaliteit van hovaardigheid of andersins onkunde, dikwels verkeerd gespel of heeltemal geïgnoreer. In die meeste gevalle is die inheemse bewoners nie geraadpleeg by die toekenning van name nie (Kirchherr 1987:3). Na uhuru sou Afrikanisering volg as verset teen vreemde oorheersing en uitloop op die verandering van plek- of persoonlike name ten einde ’n suiwerder Afrika-identiteit te weerspieël. In Afrika het dit gestrek vanaf persoon- en gebiedsname, die name van stede en dorpe, mere en berge en landsname wat in hierdie ontleding spesifiek ter sprake kom. In die Afrika-konteks was van die belangrike stimuli vir naamverandering die verandering in koloniale bewind of koloniale administrasie, die verdeling van state en ook Afrika-bewindsveranderinge. Die verkryging van onafhanklikheid het gelei tot die versugting om dit in die naam van die betrokke land weerspieël te sien. Baie van die Afrika-state wat hulle name verander het, het dit gedurende die era van de-kolonisasie gedoen ten einde uitheemse politieke beheer oor koloniale gebiede te beëindig en dit deur ’n nuwe verhouding te vervang (Hargreaves 1960:2). Verskeie hoofstede sou naamsverandering ondergaan, soos Harare, hoofstad van Zimbabwe, wat voorheen Salisbury was (tot 1982); Kinshasa, hoofstad van die Demokratiese Republiek van die Kongo wat Leopoldville was (tot 1964); Maputo, hoofstad van Mosambiek, wat Lourenço Marques was tot 1976 en Pretoria wat deels verander het in Tswane (goedgekeur in 2005), ’n proses wat nog nie ten volle uitgeklaar is nie en steeds aan die gang is (Geographical renaming 2007:4).

Meer as honderd nuwe gedekoloniseerde state het na 1945 wêreldwyd hulle verskyning gemaak toe Westerse optrede en sienings van die geskiedenis en kultuur van onderhorige volkere bevraagteken is. Vir die eerste keer is Westeralinge gekonfronteer as verteenwoordigers van ’n kultuur skuldig aan geweld en onderdrukking. Hierdie wrok en gegriefdheid teen wittes het uitgeloop op grootskaalse onafhanklikheidsbewegings en naamsveranderinge. Swart state wou hulle selfrespek terugwen, veral ook deur die oorspronklike name wat hulle aan Afrika-gebiede gegee het in ere te herstel, en om hulle in staat te stel om, in die woorde van Naidoo, hulle verantwoordelikhede as vry mense te aanvaar.

When early defeats in African resistance stories are resumed, it restores ways of life, heroes, heroines, and exploits; it formulates expressions of emotions of pride and defiance. This forms the counterpoint to colonial and apartheid history and discourses without which, psychologically, freedom becomes a sham!

(Naidoo 1999:14)

Onderliggend aan ’n land se naam lê talle emosies, onder andere lojaliteit, toewyding en bande van moederskap (Wilcocks 1986:310).

Enkele Afrika-lande het die koloniale benaming wat na ’n geografiese of ander eienskap van die gebied verwys, met geringe wysigings behou. Die groot meerderheid egter het die magsuiting wat met die politieke oorgang gepaard gegaan het in ’n nuwe naam beliggaam. In post-koloniale Afrika is landsname tot vier en meer keer verander. Die huidige Demokratiese Republiek van die Kongo het nie minder nie as nege keer van naam verander: eers is die gebied opgeëis deur koning Leopold van België, ’n aanspraak wat in 1885 erken is sodat die gebied die *Kongo Vry Staat* (1885-1908) word; in 1907 word dit aan die Belgiese regering oorgedra weens die onmenslike

uitbuiting daarvan deur Leopold en hernoem as die *Belgiese Kongo* (1908-1960); in 1960 met onafhanklikheidswording word dit die *Demokratiese Republiek van die Kongo* (1960-71); burgeroorlog breek uit, die Verenigde Nasies (VN) gryp in en handhaaf 'n teenwoordigheid tot 1964; na Mobutu Sese Seko (1930-97)⁴ se bewindsaanvaarding in 1964 herdoop hy die hoofstad Leopoldville na Kinshasa; die verwarring van die verskillende Kongo's word tydelik deur die VN in 1971 opgelos deur die hoofstad by die naam te voeg en dit staan tussen 1960-66 ook bekend as *Kongo-Leopoldville* maar toe Leopoldville hernoem word, word dit *Kongo-Kinshasa*; Mobutu begin sy Afrikaniseringsbeleid en die gebied word weer herdoop tot die *Republiek van Zaïre* (1971-97), en so ook die rivier en die geldeenheid; burgeroorloë en interne faksiestryde volg en in 1996 neem die Alliansie van Demokratiese Magte vir die Bevryding van Kongo-Zaïre onder L Kabila oor; verdere gevegte volg met rebellemagte, gesteun deur Rwanda en Uganda en troepe van Zimbabwe, Angola en Namibië wat die regering steun en waarna Zaïre verskeie geografiese, politieke en naamsveranderinge ondergaan deurdat dit eers terug verander word na die *Republiek van die Kongo* en daarna die *Federale Republiek van die Kongo* word; in 1996 word 'n Alliansie van Demokratiese Magte vir die Bevryding van die Kongo gevorm deur Kabila en in Mei 1997 verander alles en word dit weer die *Demokratiese Republiek van die Kongo* (Boateng 1987:147; Kirchherr 1987:40, 87). Dit is duidelik dat persoonlike maglus, etniese konflikte en politieke faksieverskille hier die dryfveer vir menigvuldige naamsveranderinge was.

Nog 'n voorbeeld van veelvuldige naamsverandering is die Republiek van Benin. In voor-koloniale tye was dit 'n versameling van klein, oorlogvoerende prinsdomme, insluitende die Fon-koninkryk van Dahomey wat in die 17de eeu sy verskyning gemaak het. Die Portugese was die eerste Europeërs om handelsposte aan die kus van Wes-Afrika te vestig, gevolg deur Nederlandse, Spaanse en Franse handelaars. Tussen 1892 en 1998 verkry die gebied sy huidige vorm na die ontdekkingsstogte en daaropvolgende uitbreiding van Franse gesag in die noorde. In 1904 word Dahomey 'n komponent-kolonie van die Federasie van Franse Wes-Afrika. In 1946, onder die nuwe Franse grondwet, verkry die gebied verteenwoordigers in die Franse Parlement en in 1958 aanvaar die gebied die Franse grondwet soos voorgestel deur generaal De Gaulle en verkry die status van 'n outonome republiek binne die Franse Gemeenskap. Dit staan voortaan bekend as die Republiek van Dahomey. Na talle militêre staatsgrepe word die land se naam in 1972 verander tot die Volksrepubliek van Benin.⁵

Die evolusionêre toponimiese veranderinge wat meegebring is na die onafhanklikheid van Afrika-state was nie altyd eenvormig nie en het soms 'n aantal variante ondergaan. 'n Voorbeeld hiervan is die gebied *Bo-Volta* wat verskeie hernoemings ondergaan het: van *Voltaïese Republiek* na *Bourkina Fasso* in 1984, waarna uiteindelik op 'n variant, *Burkina Faso*, besluit is. Die oorspronklike benaming wat die koloniale owerheid gebruik het, is soms onveranderd gelaat, byvoorbeeld die Franse gebied *Senegal* na die *Republiek van Senegal* (Kirchherr 1987:102).

Wanneer die verandering van landname as gevolg van kolonialisme in Afrika in oënskou geneem word, tref dit hoe wyd die Kontinent daardeur beïnvloed is. In die meeste gevalle is die landname na willekeur en by herhaling verander om in te pas by die koloniale moondhede se wil en wense en na gelang gebiede verower, herower en van koloniale besit verwissel het. Die onderstaande tabel gee 'n indruk van die lande waarvan die name verander is toe dit deur koloniale moondhede ingepalm is:

⁴ Oorspronklik Joseph Désiré Mobutu totdat hy sy naam ver-Afrikaniseer het (Crystal 2002:1011).

⁵ Vergelyk Encyclopedia of the Nations, Benin: 1: Crystal 2002:165; Origin of African Country Names 2007:1.

Koloniale Besetting en Benaming	Jaar van Onafhanklikheid	Huidige Naam
Onder Britse beskerming (vanaf 1835); Kolonie en deel van die Kaapkolonie (1895); Betsjoeanaland Protektoraat (1964)	1966	Botswana
Frans-Somaliland (1896); Franse Gebied van die Avare en Isas (1967)	1977	Djiboeti
Beset deur Brittanje (1781-1843); Spaanse Guinee (1844)	1968	Ekwatoriaal Guinee
Italiaanse Kolonie (1890); Italiaans-Oos-Afrika (1936-1941) ; VN Protektoraat onder Britse voogdyskap (1941-1951); Outonome gebied gefedereer met Ethiopië (1951-1962)	1993	Eritrea
Italiaans-Oos-Afrika (1936-41)	1941	Ethiopië
Franse besetting (1885); Frans-Ekwatoriaal Afrika (1910)	1960	Gabon
Koninkryk van Dahomey (17de eeu) ; deel van Federasie van Frans-Wes-Afrika (1904) ; Republiek van Dahomey (1958) ; Volksrepubliek van Benin (1972)	1958	Benin
Goudkus as deel van 'n Britse Kroonkolonie (1874)	1960	Ghana
Franse Protektoraat (1849) en regeer saam met Senegal as Rivières du Sud ; deel van Frans-Wes-Afrika (1904)	1958	Guinee
Portugese Guinee (1879)	1973	Guinee-Bissau
Brits-Oos-Afrika	1963	Kenia
Britse Protektoraat van Njassaland (1891) ; Britse Kolonie (1907); deel van Federasie van Rhodesië en Njassaland (1950)	1964	Malawi
Regeer deur Frankryk (1881-1895); deel van Franse Soedan tot 1959	1960	Mali
Deel van Spaanse en Franse Marokko (1912)	1957	Marokko
Deel van Frans-Wes-Afrika (1903) ; Franse kolonie (1920)	1960	Mauritanië

Koloniale Besetting en Benaming	Jaar van Onafhanklikheid	Huidige Naam
Portugees-Oos-Afrika (laat 19de eeu); oorsese provinsie van Portugal (1951)	1975	Mosambiek
Duits-SWA (1884); SWA-(1920) ; word Namibië (1968); SA gaan voort om gebied te administreer as SWA; interim SA admin.(1985)	1990	Namibië
Franses besetting (1883-99); deel van Frans-Wes-Afrika (1904)	1960	Niger
Duits-Oos-Afrika (1899); onder België as Ruanda-Urundi (1919)	1991	Rwanda
Franses Kolonie (1903); deel van Ubangi-Chari (1906); deel van die Federasie van Frans-Ekwatoriaal-Afrika (1910); outonome kolonie (1915)	1960	Sentraal-Afrikaanse Republiek
Duitse Protektoraat (1884-1914); Brits-Togoland (1922)	1960	Togo

Die imperialistiese etos spreek duidelik deurdat die betrokke Europese moondhede Afrika eenvoudig as “hulle streke” toegeëien het: Frans-Ekwatoriaal of Frans-Wes-Afrika, Duits-Oos Afrika, Italiaans-Oos-Afrika, ens. In die geval van Malawi, Zambië en Zimbabwe is hulle deur Brittanje deel gemaak van die Federasie van Noord- en Suid-Rhodesië en Njassaland en sodoende deels vernoem na die grootste Afrika-imperialis, Cecil John Rhodes.

DIE AARD EN OORSPRONG VAN DIE AFRIKA-LANDNAME WAT NA UHURU WEER IN GEBRUIK GENEEM IS

Die meeste van die ses-en-twintig Afrika lande (soos in bostaande tabel aangetoon) wat na willekeur hernoem is as aanhangsels van hulle Europese veroweraars, het onmiddellik na vrywording hulle name weer inheems gemaak. Ses van hierdie lande se oorspronklike name is deur koloniseerders aan hulle gegee, maar was na onafhanklikheid steeds vir die inheemse bewoners aanvaarbaar: Eritrea (Italiaans via Latyn), Gaboen (Portugees), Marokko (Spaans), Mauritanië (Spaans), Niger (Latyns), en Malawi, waarskynlik ’n Franse woord wat deur die Malawiese president gekies is (List of country name etymologies 2007:23). Die aard van die name wat weer in ere herstel sou word, het gewissel: name uit die antieke tye; die topografie van die gebied; Afrika-stamhoofde, konings en koninkryke; velkleur, etnisiteit en taal; handelsbedrywighede, ensovoorts.

In die geval van *Djiboeti* (soos ook die Ivoorkus en Tunisië) het die oorsprong van die naam met handel en menslike doen en late te doen. *Djiboeti* is volgens een verklaring genoem na die onderste deel van die Golf van Tadjoura by Djiboeti en waarskynlik afgelei van die Avar-woord “gabouiti” met die betekenis van ’n “palmvesel-deurmat”. Nog ’n verklaring suggereer dat Djiboeti “Land van die Tehuti” of “Land van Thoth” is met verwysing na die Egiptiese Maangod (List of country name etymologies 2007:11).

Meeste lande in Afrika se name kan teruggevoer word na die topografiese, soos ook Namibië, die Sentraal-Afrikaanse Republiek, Marokko, Zambië, Tsjad, Niger, Malawi en Togo. Topografiese eienskappe wat geassosieer is met 'n landstreek is dikwels toponimies met sukses gebruik omdat dit so deel is van die alledaagse belewenis van mense wat 'n bepaalde landstreek bewoon waar 'n rivier, 'n meer, die nabyheid van 'n see of 'n woestyn, of prominente berge, 'n landskap oorheers. Vir die mens bly water lewe en talle beskawings en kulture het naby water hulle ontstaan gehad. Verskeie lande in Afrika toon hulle sterk verbintenis met veral riviere: Egipte, Gaboen, Gambië, Kameroen, Niger, Nigerië, en Zambië. Die belangrikheid van mere kom ter sprake in die naamgewing van Malawi, Tanzanië en Tsjad, terwyl Eritrea na 'n see en Westelike Sahara na 'n woestyn vernoem is.

Kenia is genoem na die tweede hoogste berg in Afrika, berg Kenya afgelei van die Kikuyu woord “Kere-Nyaga” of “Kirinyaga” (“Berg van Witheid”). Baie vroeë hominiede-fossiele is hier gevind en die kus is in die 7de eeu deur Arabiere begin beset (List of country name etymologies 2007:21).

Die *Sentraal-Afrikaanse Republiek* verwys na die geografiese ligging daarvan in die middel van die kontinent (List of country name etymologies 2007:8).

Marokko, ook genoem *Al Maghrib*, kom van “Marruecos”, die Spaanse uitspraak van die naam van die stad “Marrakesh” omdat dit makliker uitgespreek kon word as die meer presiese “Marrakush” wat gemeen word afgelei is van die Berber-woorde “(ta)murt” (“land”) of “(a)mur” (“deel”) + “akush” (“God”). Die Arabiese naam vir Marokko is “Al Maghrib” met die betekenis van “die verste Wes” (List of country name etymologies 2007:26). Die volle Arabiese naam is “Al-Mamlaka al-Maghribya” (“Die Westerse Koninkryk”). “Al Maghrib” vir “Die Weste” is 'n algemene gebruiksterm en historici het na Marokko verwys as “Al Maghrib al Aqsá” (“Die Verste Wes”) (Morocco 2007:1).

Zambië is genoem na een van Afrika se indrukwekkendste riviere, die lewegewende Zambesirivier. Hierdie rivier vloei vir 2 560 km suidwaarts deur Angola en Zaïre na die Victoriavalle, daarna ooswaarts langs die grens tussen Zambië en Zimbabwe tot in die Indiese Oseaan om sodoende ook die grens met Zimbabwe te vorm (Origin of African Country Names 2007:2).

Tsjad se naam is blykbaar afkomstig van die Bornu woord “tsade” (“meer”), 'n vlak meer wat die suid-westelike grens vorm met Nigerië (Origin of African Country Names 2007: 1). Hierdie land word deur nie minder nie as vyf ander lande (Libië, Niger, Nigerië, die Sentraal-Afrikaanse Republiek en Soedan) omring en het 'n geskiedenis van konflik met Libië (List of country name etymologies 2007:33).

Malawi se naam-oorsprong hou verband met Njassaland soos die land eers bekend was. Die woord “Nyasa” of “Niassa” (letterlik “meer” in die inheemse tale) verskyn in die naam van die derde grootste meer in Afrika, die Njassameer gedurende die koloniale tydperk toe dit deel was van die voormalige Britse Protektoraat van Njassaland, wat op sy beurt deel was van die Federasie van Rhodesië en Njassaland. Tans staan die meer bekend as die Malawi-meer. Die voormalige Britse Federasie het bestaan uit die selfregerende kroonkolonie Rhodesië en die protektorate Noord-Rhodesië en Njassaland. Dit het op verskillende tye van mekaar onafhanklikheid van Brittanje verkry (Kirchherr 1987:56).

Die naam *Malawi* kom moontlik van 'n inheemse woord wat “vlammende water” beteken of “vlammetong” van die son se verblindende weerkaatsing op die Malawimeer. President Hastings Banda, die grondvester van Malawi, het egter in onderhoude verklaar dat hy in die 1940's 'n “Lac Maravi” in “Bororo”-gebied op 'n antieke Franse kaart met die titel “La Basse Guinee Contenant Les Royaumes de Loanga, de Congo, d'Angola et de Benguela” gesien het en meer van die naam “Malawi” gehou het as “Nyasa”. “Lac Marawi” stem nie noodwendig ooreen

met die huidige Malawimeer nie, maar Banda was so invloedryk ten tye van onafhanklikheid in 1964, dat hy eenvoudig self die voormalige Njassaland “Malawi” gedoop het (List of country name etymologies 2007:23).

Togo kom van twee woorde in die Ewe taal: “to” (“water”) en “go” (“strand”). Op 5 Julie 1884 word ’n beskermingsverdrag deur Duitsland met die stamhoofde van die strandmeer stat van Togo gesluit (Stoecker 1997:84) en dit bly ’n Duitse Protektoraat tot 1914.

Verskeie landname soos Mali, Ghana, Mosambiek en Zimbabwe strek terug tot vroeëre Afrika-konings en -koninkryke. *Ethiopië/Etiopië* is een van die oudste nasies in die wêreld en die naam van die land kom volgens Ethiopiese bronne soos die 16-17de-eeuse *Boek van Aksum (Matshafa Aksum)* van die woord “Ityopp’is”, ’n seun van Koes, seun van Gam wat volgens legende die stad Aksum gestig het (List of country name etymologies 2007:28). Die gebied was reeds aan Homerus bekend en is ’n direkte uitvloeisel van Aksum, ’n vroeë staat wat in die 4de eeu n.C. ontstaan het. Die plaaslike naam vir die land is “Ityopiya” en dit is die oudste onafhanklike land in sub-Sahara Afrika met ’n beskawing wat oor drieduisend jaar strek en die eerste Christelike land in Afrika was. Die wortels van die staat strek terug tot die Aksumitiese Ryk, wat die naam Ethiopië in die 4de eeu aanvaar het (Ethiopia 2008:2).

Mali se benaming kom van ’n antieke Islamitiese ryk in dieselfde gebied. Volgens een verklaring beteken “mali” “waar die koning woon” (Gailey 1970:65), maar volgens ’n ander is dit die woord vir “seekoei” in die tale Malinké en Bamana (List of country name etymologies 2007: 24). Nog ’n verklaring lui dat die woord “vol” of “ryk” beteken, die oorsprong Arabies is en die gebied so genoem is ter ere van ’n antieke Islamitiese ryk in dieselfde gebied (Mali Regions 2007:1).

Ghana was vroeër bekend as die *Goudkus* vanweë die groot hoeveelheid goud wat daar deur koloniseerders ontgin is. Die woord Ghana kom van die antieke Wes-Afrika-koninkryk met dieselfde naam. Die moderne staat het eger nooit deel gevorm van die vorige staatsbestel nie en die Ghanese staatsman, JB Danquah het die gebruik van die naam voorgestel tydens die oloop tot onafhanklikheid. Sy navorsing het hom oortuig dat moderne Ghanese volkere afstam van die antieke Ghana-koninkryk, maar ander weêrlê sy bevindinge. Met die onafhanklikheid van die Goudkus van Groot-Brittanje (1957) wat die gebied in 1874 gekoloniseer het, het Kwame Nkrumah, die eerste president, in ’n patriotiese gebaar die gebied hernoem ter ere van “die beskawing aan die weskus van Afrika” (List of country name etymologies 2007:15; Danquah 2008:1).

Mosambiek se naam word volgens een uitleg gekoppel aan dié van ’n sultan, “Muca Alebique” of “Musa Ben Mbiki”, ten tye van die eerste Portugese kolonisasie, eers as die naam van die nedersetting en later toegepas op die hele gebied (Mozambique Provinces 2007: 2). ’n Ander verklaring koppel dit aan Mouzinho de Albuquerque, die 19de eeuse Portugese kolonialis wat die nasionalistiese rebelle verslaan het en sodoende Portugese beheer gevestig het (Origin of African Country Names 2007:2).

Verskeie lande se name dui op die velkleur van die bewoners, die kwessie van etnisiteit en taal. *Ekwatoriaal Guinee* se naam kom van die Berber-woord “aguinaw” of “gnawa” (“swart man”) wat die nomadiese Sahara-bewoners gebruik het om die grootste deel van Wes-Afrika te beskryf (Origin of African Country Names 2007:1). Die woord “Ekwatoriaal” kom natuurlik van “ekwator” ten spyte van die feit dat die land nie werklik op die ekwator geleë is nie, wel daar naby.

In die woord *Mauritanië* is die woord “Moor” verewig en dit was die Spaanse koloniseerders se woord om die area te beskryf van die “land van die More”. Dit het eerstens verwys na die gebied in die suidelike Iberiese skiereiland (Spanje), deur die Arabiese oorwinnaars vanuit Noord-

Afrika in die 8ste eeu beset. Tweedens het dit ook verwys na waar die Moslem-inwoners van Noordwes-Afrika van gemengde Berber en Arabiese oorsprong oorheers het. Dit was ook die naam van die antieke Berber-koninkryk (Origin of African Country Names 2007:2) en Mauritië het die sentrum van Berber mag in die 11de en 12de eeu geword met Islam se vestiging in die gebied. Later het nomadiese Arabiese stamme oorheersend geraak, terwyl Europese volkere (veral die Franse) handelsposte langs die kus gevestig het (Pearsall 1998:1144; Mauritania 2008:1-9). Die woord is egter van klassieke oorsprong uit die Griekse woord “mauros” (“verdoof”) en “skadu(wee)agtig”, met ander woorde ’n “swart mens” (Hilton 2003:89). Via Latyn is dit in Oud-Frans gebruik.

Guinee Bissau se naam is skynbaar die Marokkaanse Berberse ekwivalent vir “Akal-n-iguinawen” (“land van die swartes”) (List of country name etymologies 2007:22), ’n term wat al in die twaalfde eeu in gebruik was. Guinee en sy wisselvorme is ’n Portugese vervorming van die Berberwoord vir “swart mens” (Boateng 1978:102; Bakker 2002:9). Gedurende die era van die Portugese ontdekkersreisigers in die vyftiende eeu was dit die sentrum vir die slawehandel. *Rwanda* kom van die naam vir die bewoners “Vanyaruanda”, ’n woord van onbekende oorsprong maar kennelik verwant aan die naam Rwanda. Dit word ook genoem “Kinyarwanda” na die taal wat dwarsdeur die land gepraat word (List of country name etymologies 2007:32).

Uganda is afgelei van Boeganda, die grootste etniese groep in die land. Blykbaar het Britse amptenare die naam Uganda in 1894 aanvaar (Origin of African Country Names 2007:2).

Botswana (“Betswana” is ’n alternatiewe spelling) is, net soos Somalië (“Land van die Somali”) vernoem na die die land se bewoners. Botswana is die kollektiewe naam vir die Tswana, die land se oorheersende etniese groep. Die San was die vroegste bewoners hier, gevolg deur die Sotho volkere wat daarheen immigrer teen 1600 (Origin of African Country Names 2007:1).

SLOT

In naamgewing van die lande het Afrika grootliks sy kolonialistiese verlede afgeskud wat slegs in enkele landname nog te bespeur is soos Côte d’Ivoire, Seychelles, Mauritius, Kaap Verde, Suid-Afrika, die Sentraal-Afrikaanse Republiek. Europese taalgebruik het steeds ’n groot houvas en koloniale tale word nog in baie lande nie net gepraat nie, maar as amptelike taal voorgeskryf. Dit lyk nie of die Kontinent al waarlik volkome bevry is nie. Afrikane word nie slegs gevange gehou binne die Westerse ekonomiese stelsel nie, maar ook binne die Europese tale. Selfs die AU het die reël aanvaar dat “The working languages of the Assembly shall be, if possible African languages, Arabic, English, French, Portuguese, and Spanish” (Woodruff 2005:483). Die vraag is of die Europese tale die poort behoort te bly tot groter oorreding om demokrasie sterker te laat seëvier en die beste kultuurelemente uit die Weste se invloed te laat voortduur ten spyte van die skokkende herinnering aan en erfenis van slawerny en uitbuiting. In Suid-Afrika is die *lingua franca* Engels, wat kennelik deur die meerderheid swartmense as die taal van bemagtiging en aspirasie gesien word.

BIBLIOGRAFIE

- Africa. 2007. <http://en.wikipedia.org/wiki/Africa>, 1-21. [11 Mei 2007].
- Africanization. 2007. <http://en.wikipedia.org/wiki/Africanization>, 1-2. [11 Junie 2007]
- Bakker, Bert. 2002. Out-with-the old, in-with-the-new-mentality ignores situation that prevails throughout continent. *The Star*. 26-February-2002:9.
- Balashon –Hebrew Language Detective. 2007. <http://www.balashon.com/2007/03/herut-and-uhura.html>, 1-3. [30 Oktober 2007].

- Berg L.D. & Kearns, R.A. 1996. Naming as norming: 'race', gender, and the identity politics of places in Aotearoa/New Zealand. *Environment and Planning*, D 1996 14 (1):99-122.
- Boateng, E.A. 1987. *A political geography of Africa*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Brill, E.J. 2008. *First Encyclopedia of Islam*, soos te vinde by <http://books.google.co.za/books?id=rezD7rvuf9YC&pg=PA837&l p> [30 Januarie 2008].
- Christopher, A.J. 1984. *Colonial Africa*. London: Croom Helm.
- Crystal, D. (ed). 2002. *The New Penguin Encyclopedia*. London:Penguin.
- Coetser, A. 2004. Echelons of power and naming practices: A case study. *Nomina Africana* 18(1&2):45-58.
- Cohen, S.B. & Kliot, R. 1992. Place-names in Israel's ideological struggle over the administered territories. *Annals of the Association of American Geographers*, 82(4):653-680.
- Colonialism. 2008. <http://www.answers.com/topic/colonialism>, 1-19. [26 Mei 2008].
- Collins, W. 2003. *Worldatlas*. London: HarperCollins.
- Commentary: Exemplifying the Horror of European Colonization. 2007. <http://hawaii.edu/powerkills/Comm.7.1.03.HTM>, 1-4.
- Cooper, R.L. 1989. *Language planning and social change*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Crystal, D. (ed.). 2002. *The New Penguin Encyclopedia*. London:Penguin.
- Danquah, J.B. 2008. http://en.wikipedia.org/wiki/Joseph_B._Danquah, 1-2. [1 April 2008].
- Davis, G. 1993. Three guesses who is the 'monkey-coloured' city. *Weekly Mail and Guardian* 4 November 1993: 12.
- Decolonization in Africa. 2008. <http://encyclopedia.thefreedictionary.com/De+colo+nization+in+Africa>, 1-6.
- Die Burger* 1994. Kongo word Zaïre en nou's dit weer Kongo. *Die Burger* 20 Mei 1979:13 (geen joernalis aangedui).
- Dunner, J. (ed.) 1968. *Handbook of World History*. London: Peter Owen.
- Dunan, M. & Roberts, J (eds). 1964. *Larousse Encyclopedia of Modern History*. New York: Harper & Row.
- Edelman, M. 1985. *The symbolic uses of politics*. Urbana: University of Illinois Press.
- Encyclopedia of the Nations: Africa: Benin. 2009. <http://www.nationsencyclopedia.com/Africa/Benin-History.html> [2 Maart 2009]
- Ethiopia. 2008. <http://en.wikipedia.org/wiki/Ethiopia> 1-22. [9 April 2008].
- Fage, J.D. & Oliver, R. (eds). 1985. *The Cambridge History of Africa*, vol 6. London: Cambridge University Press.
- Finansies en Tegniek* 1987. Tussentydse regering se pad vorentoe, 29 Mei 1987:6.
- Gailey, H.R. 1970. *History of Africa. From earliest times to 1800*. New York: Holt Rinehart & Winston.
- Geographical renaming. 2007. http://en.wikipedia.org/wiki/Geographical_renaming, 1-6. [23 Mei 2007].
- Gill G. 2005. Changing symbols: the renovation of Moscow place names, *The Russian* 64 July: 180-503.
- Graves, F.E. 1983. Travel, place-names and history teaching. In: *Names 1986. Proceedings of the Second Southern African Names Congress, Pretoria, 13-15 September 1983*. Pretoria: Human Sciences Research Council.
- Habedi, D. 2003. Names are vital to African pride. *Business Day*, 15-October 2003:4.
- Hargreaves, J.D. 1960. Towards a History of the Partition of Africa, *Journal of African History*, 1, 1:97-109.
- Healy, A.M. & Vere-Hodge, E.R. 1959. *The Map Approach to African History*. London: Univ Tutorial Press.
- Hilton, J.L. 2003. Ancient Greek and Latin names for the continent, countries, and peoples of Africa. *Nomina Africana* 17(2):79-93.
- Jenkins, E.R., Raper, P.E. & Moller, L.A. 1996. *Changing place names*. Durban: Indicator Press.
- Keylor, W.R. 1992. *The Twentieth Century*. New York: Oxford University Press.
- Kirchherr, E.C. 1987. *Place names of Africa, 1935-1986: A political gazetteer*. New Jersey and London: The Scarecrow Press.
- Labuschagne, P. 2006. Pretoria or Tshwane? The politics of name changes. *Journal of Contemporary History* June 31(1): 29-61.

- List of African countries. 2008. http://en.wikipedia.org/wiki/List_of_African_countries. 1-2. [1 April 2008].
- Malawi Districts. 2007. <http://statoids.com/umw.html>, 1-4. [11 Mei 2007]
- Mali Regions. 2007. <http://www.statoids.com/uml.html>, 1-3. [12 Junie 2007]
- Mamaila, K. 2002. Town name changes are part of drive to Africanise, *The Star*, 30 January, 2002:10.
- Mauritania. 2008. <http://en.wikipedia.org/wiki/Mauritania>, 1-9. [1 April 2008].
- Mazrui, Ali A. 2003. *General History of Africa, VIII Africa since 1935*. Cumbria UK: New Africa Books.
- Meiring, B. 1994. Toponymic innovation and social change, *Nomina Africana* 8(1):65-79.
- Morocco. 2007. <http://en.wikipedia.org/wiki/Morocco>, 1-3. [22 Junie 2007].
- Mozambique Provinces. 2007. <http://www.statoids.com/umz.html>, 1-4. [11 Mei 2007].
- Mozambique. 2008. <http://en.wikipedia.org/wiki/Mozambique>, 1. [9 April 2008]
- Msungu, Peter 2008. 45th independence anniversary, <http://ippmedia.com/ippmedia.com/ipp/guardian/2006/12/03/79615html>, 1-2. [23 Januarie 2008].
- Naidoo, D. 1999. To heal, we need to re-imagine South Africa, *The Independent on Saturday*, 1 May 1999:13-14.
- Nienaber, P.J. 1971. *Suid-Afrikaanse Pleknaamwoordeboek*. Deel 1. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Names of the countries of Africa in local languages. 2008. <http://www.omniglot.com/countries/africa.htm>, 1-4. [1 April 2008].
- Origin of African Country Names. 2007. <http://www.fyiccomminc/gaianews/speech35.htm> pp1-4. [11 Mei 2007].
- Pearsall, J. (ed.) 1998. *The New Oxford Dictionary of English*. Oxford: Clarendon Press.
- Phillips, C.S. 1984. *The African Political Dictionary*. Oxford: Clio Press.
- Pienaar, H. 2002. Let's use a truly African solution', *The Star*, 26 February 2002:12.
- Raper, P.E. 2004. *New dictionary of South African place names*. Johannesburg: Jonathan Ball Publishers.
- Raper, P.E. 1986. Research possibilities in onomastics. In: *Names 1986. Proceedings of the Second Southern African Names Congress, Pretoria, 13-15 September 1983*. Pretoria: Human Sciences Research Council.
- Robinson, R. & Gallagher, J. 1961. *Africa and the Victorians*. London: Macmillan.
- Senegal Regions. 2007. <http://www.statoids.com/usn.html>, 1-3. [11 Mei 2007].
- Shillington, K. 1995. *History of Africa*. London: Macmillan.
- South Africa. 2008. <http://en.wikipedia.org/wiki/South-Africa>, 1-13. [8 Januarie 2008].
- Stoecker, H. 1997. *German Imperialism in Africa*, London: C Hurst & Co.
- Tharoor, Sashi 2002. When Politicians play the place-name game, *International Herald Tribune*, 31 Oktober 2002:1 by <http://www.shashitharoor.com/articles/iht.name-game2.php>. [11 Junie 2007].
- The Free Dictionary. 2008. <http://acronyms.thefreedictionary.com/POLISARIO>, 1-2. [9 April 2008].
- The Star*, 1994. Welcome to Gauteng [Hoofartikel], *The Star*, 12 December 1994:12.
- Tsedu, M. 2002. Name changes must happen. *The Star*, 4 February 2002: 10.
- Uys, H.S. 1994. *Afrikalande. Amptelike Name*. Pretoria: Van Schaik.
- Uhuru Movement. 2008. <http://www.uhurumovement.org/>. [22 Februarie 2008].
- Van Aswegen, H.J. 1982. *Geskiedenis van Afrika*. Johannesburg: Academica.
- Walker, K. 2004. The history of South Africa: a twice-told tale. *Carnegie Reporter* 2(4):1-5.
- Western Sahara Provinces. 2007. <http://www.statoids.com/ueh.html>, 1-3. [11 Mei 2007]
- Wilcocks, J. 1986. Countries of the world: name changes and their significance. *Names 1986. Proceedings of the Second Southern African Names Congress, Pretoria, 13-15 September 1983*. Pretoria: Human Sciences Research Council.
- Woodruff, W. 2005. *A Concise History of the Modern World*. London: Abacus.
- Zambia Provinces. 2007. <http://www.Statoids.com/uzm.html>, 1-3. [11 Mei 2007].